Laerskool Mooirivier

TENNISBELEID

KLEREDRAG TYDENS OEFENINGE

- Nie nodig om in skool tennisdrag te oefen nie.
- Enige gemaklike sportdrag of die tokkie speelpakkie.
- Tennisskoene of skoene wat nie merke maak nie.
- Pet

KLEREDRAG TYDENS WEDSTRYDE

- Tokkie speelpakkie/ ooreengekome tennisdrag
- Wit/Tokkie kouse
- Tennisskoene of skoene wat nie merke maak nie.
- Groen/Wit Tokkie skoolpet

TOERUSTING

- Elke speler is verantwoordelik vir sy eie raket.
- Balle vir wedstryde en oefeninge word deur die skool voorsien.

SONBELEID

- Tennis is hoofsaaklik ‘n somersport en daarom moet die skool se sonbeleid streng nagekom word.
- Elke speler moet sy eie waterbottel en sonskerm saambring na oefeninge en wedstryde. ‘n Aanvaarbare hoofbedekking vir tennis, moet gedra word.
- Spelers moet toegelaat word om tydens wedstryde te breek om vloeistof in te neem indien dit baie warm is.

GEDRAG

- Daar word nie onnodig geargumenteer oor lynbeslissings of tellings nie.
- Die neergooi van rakette, emosionele uitbarstings of negatiewe lyftaal word ten strengste verbied. Spelers wat hulle hieraan skuldig maak, sal gestraf word.
- Dit is goeie maniere om erkenning te gee aan goeie spel deur jou opponent.
- ‘n Ware Tokkie sorg dat woorde soos welkom, geluk, baie dankie ens. deel is van sy woordeskat op en langs die tennisbaan.
- Geen ouers teen aan die baan tydens wedstryde nie. Sit op die area wat aan hulle toegeken is, bv. ‘n pawiljoen.
- Geen negatiewe aanmerkings teenoor hulle spelers of die spelers van die opposisie nie.
- Geen afrigting mag van buite af geskied tydens ‘n wedstryd nie. Ouers mag ook nie balle in of uit roep nie. Die spelers moet self die besluite neem op die baan.
- Indien daar ‘n despuut tussen spelers is mag geen ouer/speler van buite die baan af inmeng nie. Slegs die organiseerder/spanbestuurder mag op die baan gaan en die beslissing maak. Sy/haar beslissing is finaal.

BELEID TEN OPSIGTE VAN UITSPELE

- Na aanleiding van die hoeveelheid spelers, word die leerders op grond van die vorige jaar se ranglys in groepe verdeel. Nuwe leerders word ook verdeel in die groepe. Die groepe speel dan in ‘n rondomtalie uit teen mekaar (beste uit 5 spelle). Daarna speel die spelers teen die ander spelers met dieselfde posisie van die groepe weer in ‘n rondomtalie uit (Beste uit 7 spelle).
- Na afloop van die uitspele word daar ‘n voorlopige ranglys opgestel en die leerders kan begin om mekaar te daag.
- Die beste VIER seuns en die beste VIER dogters in die skool speel vir die skool se 1ste span (0/13A). Dit mag ook ’n 0/11 speler wees.
- Goeie 0/11 spelers wat nie die 1ste span haal nie moet dan vir die 0/11A-span speel, nie vir die 0/13B of 0/13C span nie.
- 0/9 spelers speel slegs vir die 0/9 spanne.
- Spelers mag mekaar uitdaag om hul eie rangorde te verbeter.
- As gevolg van ’n tekort aan tennisbane by die skool, is dit moeilik om groot hoeveelhede leerlinge, wat nog nooit tennis gespeel het nie, te akkomodeer. Dit is

dus belangrik dat leerlinge wat aanmeld vir tennis aan die begin van die jaar alreeds oor die basies tennis vaardighede beskik (bo-oor dien asook korrek telling kan hou).

- Geen formele afrigting gaan by die naskool oefening plaasvind nie. Daar word slegs leiding gegee omrede meeste spelers reeds professionele afrigting kry.
- Om vir skoolspanne te kwalifiseer MOET spelers ten minste een keer per week reg deur die jaar saam met die res van sy span oefen ter wille van dubbels en regverdigheid teenoor mede spelers. Indien ‘n leerder dit nie kan bywoon nie moet daar skriftelik toestemming/verskoning by die tennisorganiseerder en die hoof gemaak word.
- ‘n Beseerder speler wat nie die geleentheid gekry het om aan die uitspele deel te neem nie, word volgens die vorige jaar se rangorde toegelaat om een posisie bo hom/haar vorige rangorde te daag. Indien die speler wen, beweeg hy/sy in die posisie van die gedaagde speler in en al die ander spelers skuif dan een posisie af.

DAAGWEDSTRYDE

Daagregistrasie

Beide spelers (die uitdager asook die speler/speelster wat uitgedaag is) meld saam by die tennisorganiseerder aan om die datum en tyd te registreer. Indien die speler/speelster wat uitgedaag is nie teenwoordig is tydens registrasie nie (bv. Uit gedaagde dalk op daardie dag afwesig of dalk onwillig is), sal die organiseerder die uitgedaagde amptelik in kennis stel en op ’n datum en tyd wat vir speler/speelsters geleë is, vasmaak nadat die uitdager ook hierin geken is.

Sluitingsdatum vir daagwedstryde is einde Mei.

’n Oop piramiede stelsel word gebruik vir daag.



Daagr**eëls**

1. In die piramiede mag jy enige speler in jou ry na links en een ry op daag.
2. Indien daar ’n nuwe leerling vanaf ’n ander skool kom en vir die vorige skool se eerste span gespeel het, mag daardie leerling 1 vrydaag kry. Indien hy/sy die daag verloor moet hy/sy onder aan die rang begin daag.
3. Geen speler word toegelaat om aan meer as een daagwedstryd op dieselfde dag deel te neem nie.
4. Indien die nr. 1- 8 speler op die leer gedaag word, word daar ‘n “proset” gespeel. (Speler wat 1ste 8 spelle gewen het en valbyl pot 7-7). Die res van die wedstryde is die beste uit 7 spelle.
5. Wedstryde mag uitgestel word mits dit beide spelers pas en nadat nuwe ooreengekome datum en tyd gesamentlik (beide spelers saam) by hul organiseerder aangemeld is.
6. Indien ’n speler wat uitgedaag is, nie opdaag vir die wedstryd of tydens die wedstryd vertrek, en die wedstryd nie voltooi word nie, word dit beskou as hy/sy die westryd verloor het en die uitdager bekom dan die posisie van daardie speler wat uitgedaag is. Indien die uitdager nie opdaag nie, verbeur hy die reg om te daag vir twee weke. So ’n speler mag egter wel deur ander spelers onder hom/haar gedaag word.
7. Indien ’n speler/speelster 15 min na die geskeduleerde tyd vir die daagwedstryd opdaag verbeur hy/sy die wedstryd.
8. Daagtye moet geskeduleer word in tennis oefentye. (Maandae en Woensdae).
9. ‘n Onderwyser moet teenwoordig wees en haar beslissing is finaal.
10. Spelers moet hulle vooraf vergewis van die gedragsreëls soos vir die liga wedstryde en tennisgedragskode.
11. As ’n speler gedaag word moet die wedstryde binne 2 weke afgehandel wees.
12. ’n Geregistreerde wedstryd mag op versoek van beide die uitdager of die uitgedaagde speler/speelsters gekanselleer of uitgestel word indien daar deur een van die spelers ’n geldige(mediese) skriftelike verskoning betyds by die tennisorganiseerder ingedien word. Die ander speler sal dan in kennis gestel word en daar sal saam besluit word op ‘n nuwe datum en tyd.
13. Die wenner van die daag beweeg in die posisie van die gedaagde speler in en al die ander spelers skuif dan een posisie af.
14. Indien die speler wat gedaag het verloor, behou hy sy vorige posisie. Hy mag nie dieselfde speler binne 2 weke weer daag nie.
15. Die gedaagde persoon moet ’n doktersbrief verskaf indien hy/sy nie kan speel nie anders moet hy/sy, sy/haar plek in die rang afstaan aan die persoon wat hom/haar gedaag het. Indien ’n doktersbrief verskaf is kan ’n daag vir ’n later datum gereël word. (Sodra afboektyd deur dokter verstryk het kan nuwe daag gereël word.)

16. Teen einde April word die piramide gesluit. Die nr. 1-4 spelers word dus op mekaar gesit in die piramide en spelers mag slegs een posisie bo hul rangorde daag indien hul die nr. 1-4 wil daag. Bv. slegs die nr. 5 en 6 kan die nr. 4 daag.
17.